UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

## DEPARTMENT REKENINGKUNDE

## OUDITKUNDE 200 – 2014

**FINALE ASSESSERINGSGELEENTHEID**

**NOVEMBER 2014**

**EERSTE EKSAMINATORE**: Mej. C HOHLS
Mej. M MARCHBANK

**TYD:** 150 MINUTE

**TWEEDE EKSAMINATOR**: Mev. D MARE
Mev. I Nel

**PUNTE:** 125 PUNTE

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **ELF** bladsye. As u toets nie al die bladsye bevat nie moet u, u hand opsteek sodat ‘n nuwe toets aan u uitgedeel kan word. Beantwoord asb al die vrae.
2. Beantwoord elke vraag op ‘n **aparte folio**.
3. Bereken die tyd wat u aan elke vraag moet spandeer deur die aantal punte vir elke vraag met **1,2** te vemenigvuldig om die aantal minute daarvoor te bereken. Hou by die tydsbeperkings sodat u die vraestel in die gegewe tyd kan voltooi.
4. Skrap **alle** (selfs enkel oop reëls) oop spasies op u antwoordstel met ‘n pen. Bladsye op u antwoordstel wat oop spasies bevat, sal as sulks aangedui word en nie vir ‘n hermerk in aanmerking kom nie.
6. Geen tippex of potlood mag op u antwoordstel gebruik word nie. Bladsye op u antwoordstel wat tippex of potlood bevat sal as sulks aangedui word en nie vir ‘n hermerk in aanmerking geneem word nie.
7. Al die eksamenregulasies van UJ en die stipulasies in die beleidsdokument vir studente van die Departement Rekeningkunde sal gedurende die assessering van toepassing wees.
8. Hou hierdie vraestel vir rekord doeleindes.
9. Die netheid, openbaarmaking en aanbieding van u antwoorde sal in aanmerking geneem word by die bepunting van u antwoordstel.
10. Lees die vrae versigtig. As u verduidelikings moet gee moet u nie feite noem nie, maar verduidelikings in volsinne gee.

**VRAAG 1** **51 PUNTE**

U is die senior bestuurder in beheer van die Moonchild & Roth (SA) Bpk, hierna verwys as ("MR SA"), oudit en is tans besig met die beplanning van die oudit vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

Verwys na aanhangsel A vir die afskrif van die aanstellingsbrief wat deur Number Cruncher Ouditeure Ingelyf (hierna NCOI) uitgereik is.

MR SA is die Afrikaanse divisie van Roth Korporasie, 'n multi nasionale korporasie, in die suide van Frankryk gebasseer.

MR SA is op die Johannesburgse Effektebeurs gelys en word gesamentlik deur die Roth Korporasie en die Moonchild Familie Trust beheer. Elke aandeelhouer besit 35% van die aandele in die maatskappy en die algemene publiek besit die orige 30%. Dexter Moonchild is die voorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte van die Suid Afrikaanse maatskappy.

Die hoof aktiwiteit van die maatskappy is die invoer en verspreiding van die Moonchild & Roth handelsnaam van vonkelwyn.

Die vonkelwyn word by 'n wynplaas in Tuscony, Italië, geproduseer en word deur Moonchild & Roth (Italië) Bpk, hierna verwys as "MR Italië", 'n volfiliaal van MR SA, bedryf.

MR Italië voer verskeie tipes drywe vanaf Suid-Afrika af in en word hoofsaaklik deur Euro en Rand gedenomineerde lenings befonds.

MR SA voer al hulle voorraad in, bv kaste vonkelwyn vanaf MR Italië.

Aangesien dit die beleid van die Roth Korporasie is om u firma as ouditeure van alle Roth Korporasie maatskappye aan te stel, is u ook die ouditeur van MR Italië. U personeel beskou dit as 'n voorreg om aan hierdie oudit toegewys te wees aangesien dit 'n geleentheid vir reis is.

Alle vonkelwyne word deur 'n netwerk van uitverkose drankwinkels regdeur Suid Afrika versprei. Die takke verskaf ook wynproe geleenthede vir kliënte. Alhoewel die gashere van die wyn proe geleenthede in verskeie takke geleë is, is die Wyn Proe afdeling 'n afsonderlike winste sentrum en het sy eie rekeningkundige rekords. Die afdeling verkry inkomste vanaf:

- Wyn Proe geleenthede – Hierdie is die primêre bron van inkomste en kliënte word 'n jaarlikse lidmaatskapsfooi (Om die Wyn Proe geleenthede op 'n maandellikse basis by te woon) of 'n bywoningsfooi wat op die spesifieke proe geleentheid wat hulle wil bywoon gebasseer is.
- Verkoop van nuwe vonkelwyne by hierdie geleentheid.

Moonchild & Roth se vonkelwyne word regdeur Suid Afrika deur middel van 'n Kettingwinkel Verspreiders versprei. Hierdie verspreiders betaal MR SA Tantieme

wat op omset gebasseer is en is ook verplig om hulle voorraad vanaf MR SA te koop.

MR SA hoofkantoor verkry inkomste van:

- Franchise fooie – Nuwe Ketting winkel Verspreiders word vereis om 'n franchise fooi te betaal om 'n aanstelling as 'n goedgekeurde Moonchild & Roth verspreider te kry.
- Tantieme
- Mark pryse word op produkte gehef wat aan Ketting Winkel Verspreiders verskaf word.

MR SA bedryf ook 'n Groep Tessourie funksie. Die hoof aktiwiteit van die Tessourie is om die Groep se blootstelling aan buitelandse valuta fluktuasies te bestuur en dit word bereik deur 'n mengsel van Valuta Termyn Kontrakte en verskeie gestruktureerde afgeleide instrumente. Weens die feit dat die maatskappy 'n groot verhandelaar in vonkelwyn is, handel die tessourie afdeling ook in wyn verwante termynkontrakte en opsies.

Die 2014 finansiële jaar was katastrofies vir MR SA weens die krimpende omset in 'n kompeterende mark, ongunstige ekonomiese omstandighede, verswakking van die Rand, verliese op verskeie finansiële instrumente en groot bedrog wat in die rekeningkundige departement gevind is.

Die volgende is 'n opsomming van die maatskappy se gekonsolideerde bestuurs rekeninge vir die huidige jaar:

| **Inkomste staat** | **Nota's** | **R'000 Begroot Jaar tot 30-06-14** | **R'000 Werklik Jaar tot op datum 31-05-14** | **R'000 Ge-ouditeer Jaar tot 30-06-13** |
|---|---|---|---|---|
| Bruto operasionele inkomste | **1.** | 445 000 | 180 000 | 300 000 |
| Franchise fooie | | 55 000 | 26 000 | 45 000 |
| Tantieme | | 65 000 | 40 000 | 57 000 |
| Marges op verkope aan kettingwinkels | | 40 000 | 22 000 | 33 000 |
| Abnormale slegte skulde | | - | (95 000) | - |
| Wins op handel in finansiële instruments | | 22 000 | (93 000) | 25 000 |
| Winste op buitelandse valuta transaksies | | - | (98 000) | - |
| Hoofkantoor koste | | (250 000) | (150 000) | (240 0000) |
| Rente betaal | | (45 000) | (50 000) | (40 000) |
| | | | | |
| Netto inkomste voor belasting | | 332 000 | (218 000) | 180 000 |
| | | | | |
| **Balans staat** | | | | |
| | | | | |
| Ontwikkelings koste | **2.** | - | 10 500 | - |

**<u>Nota 1:</u>**

Bruto operasionele inkomste sluit sommige omstrede bedrae in wat veband hou met 2015 se finansiële jaar einde. Daar blyk 'n besending van vonkelwyn te wees wat aan Kenya verkoop is vir R 1 000 000. U oudit klerk het opgemerk dat die afleweringsnota 'n datum van 02 Augustus 2014 reflekteer en nie die werklike faktuur datum van 02 Junie 2014 nie. Ingesluit in die R 1 000 000 is fakture wat vir verkope gekwoteerde is maar hierdie verkope was nooit deur die kliënte aanvaar nie.

**<u>Nota 2:</u>**

Ontwikkelingsuitgawes verteenwoordig uitgawes deur MR Italië aangegaan op die ontwikkeling van 'n nuwe reeks vonkel wyne. Hierdie wyne het vrugte stukkies ingegiet om vonkelwyn te maak. MR SA beplan om hierdie produkte vanaf MR Italië in te voer en dit dan aan die internasionale markte te verskaf.

**Lopende saak**

Vir algemeen bekende redes het u die lopende saak as 'n oudit risiko geïdentifiseer en het dit reeds met bestuur bespreek. Dexter het u in kennis gestel dat u van die volgende sake moet kennis neem:

- Die groep het volle ondersteuning van sy bankiere en Roth Korporasie,
- Verliese ontstaan hoofsaaklik uit nie-herhalende items en is dus weer winsgewend
- Maatskappy verwag 'n toename in winsgewendheid in 2015

**Ander spesifieke oudit probleme**

Onlangse media dekking het getoon dat die maatskappy betrokke is by die bestuur van 'n bordeel in Frankryk en daar word aantuigings gemaak dat die vroue in Suid-Afrika gewerf word en dan na Frankryk gestuur word. Een van u klerke is in kennis gestel dat hierdie een van 'n paar maniere is waarop betalings aan derde partye gemaak word. Hierde betalings is opgeteken as betalings aan doeane en werkspermit amptenare vir die veilige aankoms van die vroue in Frankryk, Lyon. Hierdie koste word as onthaalkoste in die huidige finansiële state getoon.

**AANHANGSEL A – Afskrif van aanstellingsbrief**

Number Cruncher Auditors Incorporated
7 Beans Avenue
Counterland
2222

Die aandeelhouers van Moonchild & Roth (SA) Beperk
14 Wessels Straat
Sandton
2198

Wie dit mag aangaan,

Ek vertrou dit gaan nog goed. Met die voltooiing van die voorlopige ondersoek na u maatskappy, is ons bly om ons aanstelling as ouditeure van u firma te erken en bevestig hiermee die termes as volg:

- Ons sal die oudit vir die jaar, waarvoor ons aangestel is, uitvoer,
- Die aanstelling sal teen 31 Augustus voltooi wees,
- Ons rol is om die redellike weergawe van die finansiële state te sertifiseer,
- U rol as bestuur sal wees om ons personeel met all die inligting te voorsien wat hulle nodig het om voldoende en gepaste bewyse van redellike weergawe te bekom,
- Ons waarborg nie 'n ongekwalifiseerde oudit verslag nie aangesien oudit nie beperkings het nie en
- Fooie sal 'n aangeleentheid vir onderhandeling wees, maar sal op vorige jare s'n gebasseer wees.

Teken asseblief hierdie brief, hou 'n kopie, en stuur die oorspronklike terug na ons toe

Ek sien uit daarna om saam met u te werk en te oudit!


Geteken: xxx
Oudit bestuurder

| VAN U WORD VERLANG OM: | | PUNTE |
|---|---|---|
| **a.** | Bespreek die swakhede in die aanstellingsbrief. Daar word nie van u vereis om die brief oor te skryf nie. | **(15)** |
| **b.** | i) Identifiseer die risiko's van wesenlike wanvoorstelling op Finansiële staat vlak in bogenoemde inligting wat u moet oorweeg tydens die beplanning van die oudit van MR SA. | **(12)** |
| | ii) Bespreek hoe die risiko's in (i) hierbo geïdentifiseer, u assessering van<br>Inherente Risiko(IR) (6)<br>Ontdekkings risiko(OR) (6)<br>Kontrole risiko(KR) (4)<br>sal beïnvloed.<br>Maak 'n gevolgtrekking | **(16)** |
| | iii) Met verwysing na nota 1 in die inligting: | **(2)** |
| | a) Watter stelling(s) word geaffekteer. | **(4)** |
| | b) Verskaf stawingsprosedures wat deur die ouditeur uitgevoer moet word met verwysing na die stelling(s) in (a) hierbo geïdentifiseer. | |
| | c) Vir die stawings prosedures hierbo genoem, wat sal u sê is die rigting van toetsing? Regverdig u antwoord. | **(2)** |
| | **TOTAAL** | **(51)** |

**VRAAG 2** **60 PUNTE**

U is die oudit senior in beheer van die Atinvic Holding Bpk (Hierna AH) vir die 2014 finansiële jaareinde. Hierdie is by verre die ergste oudit in die drie jaar wat u by Carefree Ouditeure Ingelyf werk. Hierdie jaar het kommunikasie tussen die partye regtig waar ‘n wending vir die slegste geneem. Daar was geen vergaderings tussen AH se bestuur en die oudit bestuurder en vennoot gehou voor die oudit begin het nie en geen aanduiding is aan die oudit span gegee van enige sperdatums nie. Halfpad deur die oudit is die span in kennis gestel van die sperdatum, wat slegs 14 dae weg was. Die kliënt se jaareinde is 31 Julie 2014 en hulle wil ons drie dae na jaareinde uit hulle kantore hê. Dit gee ons effektiewellik nog net 11 dae om die oudit af te handel.

AH bestaan uit ‘n komp kleiner entiteite (soos aangedui in die diagram hieronder) en dus is daar ‘n klomp verwante party transaksies wat plaasvind gedurende die jaar sowel as ‘n klomp intermaatskappy finansiering. AH verkies om van intermaatskappy finansiering gebruik te maak aangesien die rentekoerse goedkoper is as die wat deur finansiële instellings gehef word.




Deel van ons herhalende oudit prosedures elke jaar is om te bepaal watter van die private maatskappye in die groep ge-oudit moet word. Al die maatskappye is reeds ge-assesseer behalwe vir Gear Galore (Edms) Bpk, wat nog ge-assesseer moet word. Bestuur het u met die onderstaande inigting voorsien:

| | |
|---|---|
| **Werknemers teen die einde van die finansiële jaar:** | 100 (Daar was ‘n toename van 20 personeel vanaf die begin van die jaar.) |
| **Omset:** | R 2 502 953 |
| **Derde party aanspreeklikhede:** | R 5 392 045 (Van hierdie aanspreeklikhede, hou R 1 000 000 verband met ‘n lening vanaf Atinvic holdings Bpk ontvang) |
| **Sekuriteits houers:** | 6 |

Soos per vorige jare, sal Gear Galore (Edms) Bpk hulle eie finansiële state saamstel.

Gedurende die jaar is Blow Up (Edms) Bpk en Agri Away Bpk verkry gedurende ‘n finansiering skema en ook om ‘n hoë belasting koste vir die huidige jaar te vermy, is hierdie maatskappye deur middel van ‘n kontant betaling verkry ten einde kontant reserwes te verminder. Blow Up (Edms) Bpk sal deur hulle eie eksterne ouditeure ge-oudit word as deel van die verkoopsooreenkoms en ons sal op daardie ouditeure se werk moet vertrou.

Aangesien daar groot tydsbeperkinge is hierdie jaar, het bestuur gedink dit sal ‘n goeie idee wees om Agri Away Bpk aan die eerste jaar te gee aangesien dit ‘n redellike klein maatskappy is en dit tyd sal spaar as net een persoon nodig is om inligting oor die maatskappy te bekom en verduidellikings tot die transaksies te verkry. Verdere rede om die hele maatskappy aan die eerste jaar te gee is omdat die eerste jaar reguit uit universiteit kom wat beteken hy moet akademies op datum wees met alle aspekte.

Weens die feit dat dit die eerste jaar se eerste ‘oudit op sy eie’ is, het hy sekere foute gemaak wat veroorsaak is as gevolg van stres. In stede van dat hy die rekeninge ontvangbaar bevestigings op sy eie voorberei het, en aan die debiteure gestuur het, het hy die boekhouer, wat self nog prober om APB vir die afgelope 5 jaar te slaag, en weer oor twee maande skryf, gevra om die bevestigings in te vul en te stuur. Nodeloos om te sê, die debiteure het direk op haar e-pos gereageer en sy het net die e-posse na u toe aangestuur.

Die eerstejaar het beplanningswesenlikheid bereken, maar die oudit bestuurder het nie tyd gehad om die berekening na te sien nie en het u gevra om na die eerste jaar se werk te kyk. Die werkspapier wat die berekening bevat word op die volgende bladsy aangetoon:

Voordat u die werkspapier nagesien het, het die eerste jaar vir u die volgende gesê:

“Gedurende my besprekings met die kliënt om inligting oor die kliënt en die industrie te bekom, het hulle die volgende vir my gesê:

- Gedurende die huidige jaar het Agri Away Bpk na ‘n nuwe rekenaar stelsel toe omgeskakel. Alles werk perfek behalwe dat hulle nog nie toegangsbeheer kontroles behoorlik onder die knie kon kry nie.
- Die menslike hulpbron direkteur het gedurende die huidige jaar bedank en die raad het besluit, sonder om ‘n aandeelhouersvergadering te hou, op die bedrag wat aan hom uitbetaal moet word. ‘n Nuwe Menslike hulpbron direkteur is binne 5 dae aangestel sonder om behoorlike prosedures te volg aangesien hy die HUB se beste vriend is en hy sy vriend ‘n guns skuld
- Hulle vorige ouditeure het ‘n skoon oudit verslag vir die afgelope twee jare uitgereik en die lopende saak is nie ‘n probleem nie.

- Die boekhouer was gedurende die jaar vir twee maande op siek verlof en gedurende hierdie tydperk het niemand haar werk gedoen nie.
- Daar was ‘n groot herlewing in die landbou sektor en verkope het deur die dak geskiet gedurende Maart en April 2014
- Aangesien Agri Away Bpk se primêre besigheid die verkoop van landbou masjinerie is, is hulle primêre aandrywer, omset.
- Vorige jare se syfers was nie oorweeg nie aangesien daar baie veranderinge in die huidige jaar plaasgevind het, en dit is nie geredellik in elektroniese formaat beskikbaar nie.
- U het die finansiële inligting vir die 2013 finansiële jaareinde vanaf die boekhouer aangevra en dit word op die volgende bladsy in “aanhangsel A” getoon
- Agri Away Bpk se jaareinde is 31 Julie 2014
- Oudit risiko word as hoog geassesseer, nadat alle faktore in berekning gebring is”

| **Kliënt:** Agri Away Bpk | **Jaareinde:** 31 Julie 2014 | **35A** |
|---|---|---|
| **Voorberei deur:** A Student | **Datum:** 30 Augustus 2014 | |
| **Nagesien deur:** | **Datum:** | |
| **Berekening van beplannings wesenlikheid** | | |

- Weens die feit dat Oudit risiko as hoog geassesseer is, sal die hoë omvang van wesenlikheid gebruik word.
- Berekening:
  Die syfers wat gebruik word sal die syfers wees vanaf die proef balans tot en met 31 Mei 2014 aangesien dit geredellik beskikbaar is.

| Aanduider | Persentasie | Proefbalans | Jaarlikse syfers | Lae omvang | Hoë omvang |
|---|---|---|---|---|---|
| Omset | ½% - 1% | 453 000 | Nee | 2 265 | 4 530 |
| Bruto wins | 1% - 2% | 352 000 | Nee | 3 520 | 7 040 |
| Netto wins | 5% - 10% | 235 235 | Nee | 11 761.75 | 23 523.50 |
| Totale Bates | 1% - 2% | 320 000 | Nee | 3 200 | 6 400 |
| Ekwiteit | 2% - 5% | 125 325 | Nee | 2 506.50 | 6 266.25 |

- Gevolgtrekking:
  Gevolglik, ‘n wesenlikheid syfer van R 23 000 sal gekies word

## AANHANGSEL A

| **REKENINGE** | **2013 GE-OUDITEERDE SYFERS** |
|---|---|
| **Omset** | R 324 065 |
| **Bruto Wins** | R 289 653 |
| **Netto Wins** | R 175 354 |
| **Totale bates** | R 200 035 |
| **Ekwiteit** | R 135 035 |

| **VAN U WORD VERLANG OM:** | | **PUNTE:** |
|---|---|---|
| **a.** | Verduidellik aan die bestuur van Agri Away Bpk die belangrikheid daarvan om toegangskontroles te hê en gee voorbeelde van toegangs kontroles wat geïmplementeer kan word. | **(5)** |
| **b.** | Gebasseer op die inligting aan u verskaf deur die eerste jaar klerk, kritiseer sy beplanningswesenlikheid berekening op WP 35 en verskaf advies rakende wat gedoen moes word. Gebruik berekeninge waar nodig. | **(15)** |
| **c.** | Gebasseer op u begrip van die Internasionale Standaarde op Oudit (ISA's):<br><br>1. Beskryf die prosedures wat u sal uitvoer op die ouditeure van Blow Up (Pty) Ltd. In terme van ISA 600<br>2. In terme van ISA 550, bespreek die prosedures wat u sal uitvoer met verwysing na die verwante party transaksies wat plaasvind, veral rakende die intermaatskappy finansiering<br>3. Bespreek die ouditeure se verantwoordellikheid wanneer dit kom by die kommunikasie met persone verantwoordellik vir beheer in terme van ISA 260<br>4. Kritiseer die rekeninge ontvangbaar bevestigingsproses soos deur die eerste jaar klerk uitgevoer. | <br><br><br>**(5)**<br>**(5)**<br><br>**(5)**<br>**(5)** |
| **d.** | Bespreek die fundamentele beginsels waarop die oudit teorie gebasseer is | **(4)** |
| **e.** | Bespreek die Maatskappy wet vereistes vir die uitvoering van Agri Away Bpk se Algemene Jaar Vergadering (AJV) | **(5)** |
| **f.** | Bespreek die tipes oudit benaderings wat oorweeg moet word vir die oudit van Agri Away Bpk en kom tot 'n gevolgtrekking oor die benadering wat gevolg moet word. | **(5)** |
| **g.** | Gebasseer op die gegewe inligting, bespreek of Gear Galore (Edms) Bpk ge-oudit moet word. | **(6)** |
| **Totaal** | | **(60)** |

**VRAAG 3** **10 PUNTE**

U is die tegniese vennoot van Coetsee en Vennote, a medium grootte firma met ‘n breë kliënte basis. Die firma bestaan uit 5 vennote, 10 ouditbestuurders en 17 ouditklerke.

Dit is standaard praktyk dat, in ooreenstemming met die firma se kwaliteitskontole beleide, alle tegniese navrae aan jou gerig word. Die volgende onafhanlike sake is aan jou verwys vir advies:

1. Een van die vennote, Peter Ndlovu, het onlangs William Harris, die bemarkingsbestuurder van julle ouditfirma Coetsee en Vennote ontmoet. William wou by Peter weet wat die vereistes is van die PGK aangaande advertensie materiaal, voordat hulle met `n nuwe bemarkingsveldtog begin. (5)

2. As die oudit vennoot van Dodgy Deals (Edms) Bpk, het Tony Edwards bewus geword van belasting ontduiking wat by sy kliënt plaasvind. Hy oorweeg dit om hierdie ontduiking aan die Ontvanger van Inkomste te rapporteer en wil by jou weet wat sy verantwoordlikbeid is in terme van **kliënt vertroulikheid** voordat hy dit doen. (5)

| **VAN U WORD VERLANG OM:** | **PUNTE:** |
|---|---|
| Verskaf antwoorde en advies met betrekking tot elkeen van die navrae hierbo, met verwysing na die relevante professionele en etiese vereistes. | **(10)** |
| **ALGEMENE INTERPRETASIE EN PRESISIE PUNTE** | **(4)** |